TUINKAMP. Flat Cat se kampterrein lyk soos 'n goedversorgde tuin. Die gras is welig, en al staan die bome nie baie hoog nie, kry jy oral 'n skadukolletjie.

FLAT CAT-VAKANSIEVERBLYF

Plat op jou...

Dis moeilik om fout te vind met die Flat Cat-kampplek, sowat 5 km buite Sodwana in Mbazwana se rigting. Hier voel dit amper asof jy in jou eie tuin kamp (*Dis nou as jy klaar die gras gesny, al die plante water gegee en jou swembad skoongemaak het. – Red.*), en as jy een van die vier luukse staanplekke kies – met jou eie kombuis en badkamer – voel dit sowaar soos jou eie huis. Vroegoggend is die skoonmaker al hier met haar emmer, en die braaiplek is uitgestof voor jou eerste koffie klaar is. Jy word selfs wakker met die reuk van dou op die groen gras...

Willie en Rina Hoffmann se kampterrein is lowergroen, met gras en baie bome. Die struike groei só dig, hulle bedek die grootste deel van die heining om die werf, en jy voel heeltemal afgesonder van die wêreld anderkant die draad.

Die kampterrein voel byna tropies. Die piesangbome hang swaar van die trosse (Willie sê jy kan maar gryp), en hier is palmbome, Indiese kiaat en welige struike wat lyk asof hulle op 'n eiland hoort.

Daar is ook struike tussen die private staanplekke, wat hulle so 'n bietjie van mekaar skei, maar na voor kyk jy uit op die gewone staanplekke.

Die luukse staanplekke is ruim, met oorgenoeg plek vir 'n dubbelaswoonwa, jou voertuig en 'n ekstra tent of boot, terwyl jy op die ander staanplekke lag-lag 'n gewone wa en kar sal inkry.

Daar is nie oral en heeldag skaduwee nie, maar genoeg sodat jy vroegoggend en laatmiddag onder 'n boom kan boeklees sonder om te brand dat jy naderhand soos 'n kreef lyk. Jy kry ook 'n betonbraai, mooi netjies geverf, met bêreplek vir hout én 'n werkblad, en by die gewone staanplekke staan krane versprei oor die terrein. (By die private staanplekke gebruik jy sommer jou kombuis- of badkamerkraan.)

Die ablusiegeriewe is ewe indrukwekkend. Jou kombuis is ruim, met 'n groot yskas, opwasbak en groot werkoppervlak, en die stortkamer kon net sowel in 'n netjiese voorstedelike huis gewees het. Dis baie gerieflik vir 'n gesin dat die stort en toilet in aparte vertrekke is. Jou kragprop sit ook hier, en omdat die staanplekke so groot is, het jy 'n verlengkoord van ongeveer 30 m nodig.

As jy jou vis, boot of duikpak wil skoonmaak, is daar plek daarvoor. As jy werklik nie van plan is om 'n vinger te verroer op jou vakansie nie, kan jy selfs vir Willie vra om vir jou 'n "huis"-hulp te reël, én mense om jou te help met die op- en afslaan van jou tent. Daar's 'n winkeltjie langs die ingangshek met dinge soos hout, brood, koeldrank en lekkers, plus 'n swembad en hope groen grasperk waarop die kinders kan baljaar.

VYFSTER. Die ablusiegeriewe is baie netjies, ruim en skoon, en die storthokkies mooi geteël.

Maurice Dippenaar, Nadia Vos en Lian Fourie kamp in 'n Bush Baby-vyfmantent en Camp Master Dome II-viermantent. Hulle ry dit aan in 'n Hyundai i20 en 'n Camp Master Town & Country 210-sleepwa.

Hulle sê:

"Dit was ons eerste keer by Flat Cat. Die mense is baie vriendelik en die ablusiegeriewe baie netjies. Dis lekker om 'n yskas by jou staanplek te hê. Tannie Rina en oom Willie is vriendelik en behulpsaam, en is persoonlik betrokke by hulle gaste."

Kortliks | Flat Cat

Kampplek: 4 luukse staanplekke met 'n eie kombuis en ablusiegeriewe, en 8 standaardstaanplekke. Ruim, baie goed versorg, en met welige groen gras.
Ablusiegeriewe: Luukse staanplekke: Aparte kamers, een met 'n stort en wasbak, en die ander met 'n toilet. Netjies, modern en baie skoon. Standaardstaanplekke: Gedeelde geriewe met warm storte en opwasgeriewe. Ook baie netjies en skoon.
Prys: Luukse staanplekke: R165 p.p.p.n. binne seisoen en R140 buite seisoen (onderskeidelik R90 en R70 vir kinders tussen 3 en 10 jaar). Standaardstaanplekke: R130 en R110 (R70 en R60 vir kinders 3-10).

Kontak: 083 263 1587 (Rina Hoffmann); 082 873 9971 (Willie Hoffmann)
info@flatcat.co.za
How ver van Sodwana af? Omtrent 5 km.
Hoe lyk die pad? Teerpad tot by die afdraai en sowat 600 m sandpad daarna, geskik vir 'n sedan.

Dís hoe jy ry

Ry tot in Mbazwana en draai regs in die rigting van die Sodwana-natuurreservaat.
Ry 8 km en draai regs by die Flat Cat-bord. Hou ongeveer 600 m aan met die sandpaadjie tot by die ingangshek aan die regterkant.

GPS: S27.512389 E32.644972

***WegSleep* sê:** Willie meen dis beter om maar jou eie water te bring as jy in die Sodwana-omgewing kom kamp.